

Maandag

4 de Reformasie preek (21.08.2017) 1 Kor.10:1- 22. Die nagmaal is 'n teken waarmee God ons verseker dat Hy ons met Hom as mens in die hemel verenig om in sy liefde as God te deel. Die nagmaal is nie 'n offerfees saam met God nie. Paulus wys vir die Korintiërs dat hul nagmaal 'n offerfees, net soos Aäron se fees vir God in Exodus 32: 1-6 is. Offerfeeste is geleenthede waar mense vir God gee wat Hy nodig het sodat Hy vir hulle sy goddelike krag en lewe moet gee. Hierdie saam "speel" met God in hierdie feeste was erotiese, sensuele danse vir en met God, bedoelende seksuele flirtasie met God net soos ons dit vandag nog "speel" noem. Spelerig vertoon mense met offerfeeste dat hulle het deur hul offers vir God, deel geword van God se krag en lewe. Dit is wat Israel met die goue kalf gedoen het. Die god wat hulle opmaak, sou nou sy goddelike krag en goddelike mag aan hulle gegee het, om self die wonders te laat gebeur het waardeur hulle uit Egipte verlos is. Die profete noem hierdie offerkuiers saam met God tempelprostitusie. Hosea 4:1-14. Dit was prostitusie met God self. Tempelprostitusie is die perverte gemeenskap met God waardeur jy met jou offers, God se krag en lewe kry, om jou sondige begeertes, soos om ryk te word, om magtig te word, om ander mense aan jou te onderwerp, mee te bevredig. Die Nagmaal kan nooit ons offerfees met God wees nie. Preek mp3 en manuskrip op Google by ngkerklevubu.co.za

Dinsdag

1 Kor.10:14-22. Die nagmaal kan óf die tafel van die Here óf die tafel van duiwels wees. Vers 21 Die Korintiërs was besig om die tafel van die Here te verander na die tafel van duiwels. Hulle het die nagmaal 'n offerfees gemaak om die versekering van die liefde van God in die nagmaal te vermy. Dit gebeur gereeld tussen geliefdes: kuierfeeste om die oomblik van versekerde liefde te ontduik. 'n Man sal van die lewe met sy nuwe meisie 'n lewe van saam uiteet, saam drink en saam dans maak, juis om met hierdie vrolike kuiers die liefde te ontduik. Elke oomblik wat die regte oomblik is om haar hand te vat en vir haar te sê: "ek is werklik lief vir jou", word weg geëet, gedans en gekuier. Daardie oomblik waarin al twee weet nou moet hy haar vat en die woorde sê wat gesê moet word: "trou met my ek is lief vir jou!", daardie oomblik vermy hy deur nog 'n bottel duur wyn te bestel of om op te staan en sê: "Kom ons dans." Saam feeshou om die oomblik van versekerde liefde te vermy. Om van die tasbare verseëling van God se liefde deur die tekens van die nagmaal, 'n offerfees saam met God te maak, vermy geestelikes die vereniging met Christus as mens in die hemel. Hierdie versekerde liefde van God sal hulle aan die Tien Gebooie verbind as lewenswyse binne God se liefde. Om hierdie liefde te vermy, maak hulle van die oomblik van versekerde liefde, die tafel van die Here, 'n offerfees. (Exodus 32:1-6) So maak hulle van die Here se tafel, die tafel van die duiwel. Vers 21

Woensdag

1 Kor. 10: 15-17. Die nagmaaltekens van brood en wyn wys dat die nagmaal nooit 'n offerfees met God kan wees nie. Christus maak baie spesifiek nie die vleis nie, maar net brood en wyn, tekens van ons gemeenskap met Hom as lewende mens in die

hemel. Hy alleen is die Paaslam. Ons kry net brood en wyn. Só wys die Here ons eet nie offervleis nie. God self is die offer wat mense nie kan bring nie. Ons is uitgesluit van die offergeleentheid en die offeroomblik. In offerfeeste maak mense met hul offers vir God die offeroomblik 'n feestelike geleentheid om hul eenheid met God se krag en lewe te vier. Jesus se lyding en dood op Golgota was nie 'n offerfees waar sy dissipels saam met Hom gesellige gekuier het nie. Van hierdie offeroomblik het hulle weggevlug sodat Hy binne die raadsplan van God alleen godverlate gesterf het. (Mat. 26:31) Die oomblik van woede, haat en toorn tussen die Vader en Seun, is die skrikwekkende offeroomblik waarvan God ons vir altyd uitsluit, 'n gebeurtenis waarin Hy ons nooit wil hê en nooit sal laat beleef nie. Hierdie skrikwekkende offeroomblik kan nooit 'n gesellige geestelike fees tussen God en ons word nie. Wie dit so vier, glo nie in wat op Golgota gebeur het nie. Daarom was die kruisiging en dood van Jesus net vir ongelowiges soos die Jode 'n feestelike geleentheid. Deur die Nagmaal as offerfees te vier, maak geestelikes vandag die skrikwekkende offeroomblik op Golgota vir mense hul eie godservaring.

Donderdag

1 Korintiërs 10:14–22. Tot vandag toe nog is die nagmaal in die Rooms Katolieke Kerk (RKK) 'n offerfees waar Christus die offerkos van God sou wees. (Kyk op Google by “mass” of “eucharist”) Die RKK leer dat elke keer as die priester die instellingswoorde van die nagmaal oor die tekens van brood en wyn uitgespreek, offer hy Christus. In hierdie offerfees, volgens hulle bygeloof, verander die wyn in die regte bloed van die Here as mens en die brood in die regte vleis van Jesus, al kan jy dit nie sien só sien of proe nie. Jesus is nou God se offerkos. So is Jesus se regte liggaam en bloed as mens vir hulle nou weer in ons teenwoordigheid die offer wat weer vir God gebreek en uitgegiet word. So maak hulle die Nagmaalstafel 'n regte offeraltaar waar die offeroomblik van Jesus op Golgota nou hulle eie oomblik en geleentheid met God word. Waarvan God ons uitsluit om dit nooit met Hom te ervaar nie, die offeroomblik tussen die Vader en Seun, maak hulle nou 'n intieme liefdesoomblik tussen hulle en God self. 'n Offerfees saam met God waar ons God se Seun as offerkos eet, om te deel in sy goddelike krag en lewe. Om Christus as offerkos te eet en te drink, noem Paulus in 1 Kor. 10:18-22 'n offer aan die duivel, gemeenskap met duiwels, die beker van duiwels en die tafel van duiwels. Hierdie perversie om God se woede teen jou sonde as 'n intieme liefdesoomblik te ervaar, is dit wat die profete tempelprostitusie noem.

Vrydag

1 Korintiërs 10: 14-17. Met die nagmaal gee die Here ons tasbaar die versekering dat Hy ons insluit in wat met Hom op Golgota gebeur het, op so 'n wyse dat Hy ons vir altyd uitsluit uit die offeroomblik van woede en straf tussen die Vader en die Seun. Geestelikes verdring hierdie liefde van God vandag deur jeugfeeste soos #Imagine as offerfeeste vir jongmense met God te reël. In donker sale met stroboskope, gekleurde en flitsende ligte, op die polsslag van kitare en dromme, moet jongmense opgewonde ritmies spring en dans. In die klimaks van die groot

offeromblik moet hulle hul harte en hul lewens oorgee en en hul “eie-ek” kruisig. Oor hierdie selfoffer verklaar die geestelikes dan dat hulle die krag van God ontvang. Hulle is nou met die gees gedoop. In ’n sensuele dans met God, gee hulle hulself as offers sodat hul God se krag kan ontvang om hul begeertes te kan uitleef. So laat geestelikes jongmense wellustig met God te kere gaan en gaan die troos van God se versekerde liefde in hierdie opwinding verlore. Dan troos die dominees ouers en sê daar was geen tienerseks in tente of bosse gewees nie – terwyl hulle met God self wellustig te kere gegaan het. Net so reël geestelikes kindernagmaals waar klein kindertjies eers hul harte en lewens vir Liewe Jesus moet gee as offers om saam met groot mense ’n offerfees met God te kan geniet. So maak geestelikes klein kindertjies God se offerkos en ouers die mense wat hul kinders aan God as offerkos moet voer.